

coolness of rain and the coolness of health. To them, to be 'cool' is to be healthy. Living in harmony with the norms of society creates a state of 'coolness'. An infringement of behavioural norms may cause the ancestral spirits to react, which may result in a state of 'heat'. The Sotho peoples regard it as insufficient merely to supplicate the ancestral spirits. They also believe that 'cooling' medicines have to be applied to whoever or whatever is responsible for the 'heat'. It is therefore not surprising that plants which grow in or near water, animals which are associated with 'coolness', such as water snakes, water itself and ash are widely regarded as good medicines for removing 'heat'.



#### BIBLIOGRAPHY

VERRYN, T 1981 'Coolness' and Heal" among the Sotho Peoples Religion in southern Africa 2: 11-38



The Nile Monitor, also called Water Leguaan, (*Varanus niloticus*) is associated with "coolness" and its skin and fat are used medicinally.

\*\*\*\*\*

## MUURPAPIER IN FRESHFORD-HUISMUSEUM

Freshford is 'n Eduardiaanse woonhuis te Kellnerstraat 31. Die woonhuis, wat in 1897 opgerig is, word op die oomblik deur die Nasionale Museum gerestoureer en sal teen die einde van die jaar aan die publiek vir besigtiging oopgestel word.

Muurpapier het 'n baie belangrike rol gespeel in die interieurontwerp van wonings uit die laat-negentiende eeu. In Freshford is daar voorbeeld van die oorspronklike muurpapier en fries op die oorspronklike grondpleister in die portaal gevind. Daar is uit mondelinge inligting van vroeëre inwoners van Freshford vasgestel dat daar ook in die sit-, eet- en studeerkamer muurpapier was, maar aangesien die oorspronklike grondpleister verwyder is, kon daar nie vasgestel word hoe die papier gelyk het nie. Vir dié vertrekke is voorbeeld van laat-negentiende-eeuse muurpapier gebruik, maar aangesien dit bekend is hoe die papier in die portaal gelyk het, is daar besluit om dit te reprodueer.

Om dit moontlik te maak, is die oorspronklike ontwerp nageteken om die herhaalpatroon vas te stel.

Die nuwe papier waarop die ontwerp gedruk word, is effens smaller as die oorspronklike papier

en die ontwerp is dus met 5% verklein. Die muurpapier is reeds van 'n basiskleur voorsien waarop die ontwerp deur syskermdruck aangebring word. Elke kleur word afsonderlik gedruk. Sommige ontwerpe bestaan uit tot nege kleure wat die drukproses baie ingewikkeld maak.



Die kleurreproduksies het heelwat probleme veroorsaak, aangesien die oorspronklike kleure van die muurpapier baie verbleek het. Die kleure is vasgestel deur die muurpapierkleure waar die lae oorvleuel het en waar dit minder verbleek was, asook die oorspronklike verfkleure, in ag te neem.